

Daar is tans baie onsekerheid en vrae rondom die coronavirus. Waar kry mens akkurate informasie? Waar kan ek myself laat toets as ek siek voel? Ons gemeenskappe en die internet is vol informasie, maar verkeerde inligting is 'n groot risiko vir ons almal! Die Coronavirus CivActs Campaign (CCC) is daarop gemik om vrae te beantwoord deur maklike, akkurate informasie beskikbaar te stel voordat gerugte skade veroorsaak.

BLY KALM!

Verminder verspreiding van die virus met hierdie stappe:

- Bly tuis tensy jy'n noodsaaklike diens lewer.
- Was jou hande gereeld met seep vir minstens 20 sekondes. Gebruik "handsanitizer" (minstens 60% alkohol) as jy nie naby seep en water is.
- Hou jou neus en mond met jou elmboog of sneusdoekie toe wanneer jy hoest of nies.
- Vermyn groepe mense en bly soveel as moontlik binne jou huis as jy kan. As jy dink dat jy naby iemand met die virus was, bly vir 14 dae tuis en weg van ander mense. Monitor jouself vir enige simptome.
- Moenie onnodig te veel kos en ander voorraad aankoop nie. Winkels en apteke sal tydens inbeperking oop bly.



Het jy enige vrae oor koronavirus, of het jy enige gerugte gehoor? Stuur vir ons 'n boodskap op WhatsApp:

063 311 8397

Vrae → Feite




Kan alkohol Koronavirus genees?

Nee, alkohol kan jou nie teen die virus beskerm nie. Gebruik alkohol altyd verantwoordelik en moenie drink om infeksie te probeer voorkom.




Kan ek UIF-voordele kry as my werk in "lock down" verkeer?

Ja, as jou werkgever as a voorsorgmaatreël vir n kort tydperk sluit kan jy vir UIF aansoek kwalifiseer. As jy 'n gedeelte van ou inkomste verloor agv korter werksure kan jy ook vir UIF voordele aansoek doen.



COVID-19 is 'n nasionale ramp verklaar. Wat beteken dit?

Dit beteken dat die President onder die Rampbestuur Wet 'n komitee lei om die regering se reaksie tot die ramp te bestuur. Die wetgewing stel die regering in staat om regulasies in plek te stel om die situasie te beheer, om dienste aan mense wie daaronder lei te lewer, om die beweging van mense en verkoop van goedere te beheer, en om noodakkommodasie beskikbaar te maak.



Het jy enige vrae oor COVID-19? Stuur jou vrae deur hierdie vorm:
<https://forms.gle/Xj7RghPNyiRdcGvr9>

BRONNE: [Centre for Disease control](#), [Unicef](#), [World Health Organization](#)

Wat as ek dink ek het coronavirus?

Het jy hierdie simptome?

Koors

Moegheid

Droë hoes

Voel jy kortasem?

**As jy hierdie simptome het, bel die Coronavirus
Hulplyn tolvry: 0800 029 999**



Wat as ek hierdie simptome het?

Bel die Hulplyn by 0800 029 999 of bel jou dokter

- As jy 'n afspraak met jou dokter maak moet jy hul inlig as jy vermoed dat jy Koronavirus het
- Bly tuis en bly weg van publieke plekke. Verlaat slegs jou huis vir mediese sorg.
- Bly met jou dokter in kontak. Skakel voordat jy mediese behandeling ontvang en reik onmiddelik uit as jy toestand verswak of as dit 'n noodgeval is.
- Vermy alle publieke vervoer so ver moontlik.
- Vermy so ver as moontlik kontak met ander mense in jou huis.

Waar kan ek getoets word?

Hierdie hospitale hanteer COVID-19 gevalle:

Gauteng

Charlotte Maxeke Hospitaal, Parktown
Steve Biko Hospitaal, Pretoria
Tembisa Hospitaal, Tembisa

KwaZulu-Natal

Greys Hospitaal, Pietermaritzburg

Limpopo

Polokwane Hospitaal, Polokwane

Mpumalanga

Rob Ferreira Hospitaal, Nelspruit

Noord-Kaap

Kimberley Hospitaal, Kimberley

Noordwes

Klerksdorp Hospitaal, Klerksdorp

Oos-Kaap

Livingstone Hospitaal, Port Elizabeth

Vrystaat

Pelonomi Hospitaal, Bloemfontein

Wes-Kaap

Tygerberg Hospitaal, Kaapstad

Ander hulpbronne



<https://sacoronavirus.co.za/>

Besoek die Provinsiale Gesondheidsdienste-
webwerf vir informasie in jou huistaal

Die regering se WhatsApp Hulplyn: 0600
123456

Wenke vir inwoners van informele
nedersettings van die International Budget
Partnership SA.